



**Beethoven** vertel in een van sy briewe watter afgesonderdheid met doofheid gepaard gaan. Hy skryf dat hy dit nie meer in 'n sosiale situasie kan waag nie omdat hy nie aan 'n gesprek kan deelneem nie: *Ek wou al vir mense sê "Praat harder, skree, ek is doof man!" maar ek kon myself nie so ver kry nie. So vergewe my as ek wegskram van julle geselskap wat ek altyd so geniet het. Want omdat ek doof is, kan ek nie ontspan in sosiale situasies nie, ek kan nie 'n diskoers hou of geheime fluister nie. So laat ek maar op my eie bly en net tussen mense insluip as dit absoluut noodsaaklik is.*

Fanie du Toit kan met Beethoven identifiseer. Hy weet wat die impak van doofheid op 'n mens se bestaan is. Hy vertel van sy lewe met gehoorgestremdheid



## Fanie du Toit

vertel van die kanonne, dertig jaar van stilte- en toe 'n selfoon

**B**lootstelling aan kanonvuur in 1977, tydens die Weermag se operasies in die Caprivi, het Fanie du Toit se lewe onomkeerbaar verander.

"Ek was terug in die land uit die "bos" toe ek begin agterkom het ek sukkel om gesprekke te volg. Ek het met skok besef dat ek besig was om doof te word," onthou Fanie.

Hy het toe nog nie die omvang van die wêreld van stilte waarin 'n gehoorgestremde homself bevind, geken of verstaan nie.

"Daar is byvoorbeeld destyds aan my gesê ek en my gesin moet so gou moontlik Gebaretaal aanleer. Vandag weet ek dat dit die verkeerde raad was vir iemand wat horend was, maar besig was om doof te word. Ek en my gesin moes eerder behoorlike ondersteuning in terme van spraaklees en kommunikasie-etiket, ontvang het."

Hy verduidelik dat spraaklees 'n tegniek is wat deur 'n gehoorgestremde gebruik word om die lippe, sowel as die lyftaal van andere in die kommunikasieproses te lees. Dit is 'n aanvullende en alternatiewe vorm van kommunikasie en word in kombinasie met 'n gehoorapparaat gebruik. Dit is dus nie 'n taal nie, maar 'n vaardigheid wat tydens gehoortherapie ontwikkel en uitgebou moet word. My spraakleesvermoë is byvoorbeeld baie beter in Afrikaans as in Engels omdat dit my moedertaal is - iets wat ook tydens gehoortherapie

aangespreek word. Tesame daarmee word ander rolspelers (soos die familie, vriende, werkgewer) bewus gemaak van onder meer die waarde van goeie kommunikasie-etiket soos lipvorming, die belangrikheid van oogkontak, die effek van goeie beligting en akoestiek.

Darenteen is Gebaretaal 'n taal op sy eie, met 'n grammatika wat hemelsbreed van gesproke tale verskil. Dit word hoofsaaklik deur mense gebruik wat doof gebore is en tot die dowe-kultuur behoort.

In 1987 toe byna reeds heeltemal doof was, is hy aangestel as opvoedkundige by die Nasionale Raad vir Persone met 'n Liggaamlike Gestremdheid in Suid Afrika (NCPDPSA).

"Die leefwêreld van persone met gestremdhede is vir die meeste mense 'n onbekende terrein," vertel Fanie, "maar ek het noodwendig daarby betrokke geraak en toe die moontlikheid in 2000 opduik om 'n radioprogram vir RSG oor die uitdagings en potensiaal van gestremdes te ontwikkel, het ek die geleentheid met albei hande aangegryp. Ek is nou by die navorsing en ontwikkeling van die program betrokke en bied sedertdien Leefwêreld van die Gestremde ononderbroke elke Sondag om 14:15 aan."

Met die Nasionale Raad se ondersteuning het hy in 2005 met 'n intensiewe navorsingsprogram oor die impak van gehoorverlies begin. As deel van sy navorsing het hy gehoorgestremde gemeenskappe in onder meer Mexiko, die VSA, Nederland, die Ooste en Australië besoek.

"Benewens die feit dat ek meer oor kogliêre inplantings te wete gekom het, het die navorsing my ook gehelp met die ontwikkeling van geakkrediteerde opleidingsmateriaal oor die impak van gehoorverlies op die mens en sy omgewing," sê hy.

Die Suid-Afrikaanse Weermag, waar sy probleme drie dekades tevore begin het, was bereid om deur die nasionale Tesourie die koste van 'n bilaterale inplanting te betaal. Die koste het nagenoeg R200 000 per inplanting beloop. Die eerste is in Augustus 2011 uitgevoer en die tweede 'n rukkie later in November dieselfde jaar.

"Dit het my lewe letterlik oornag verander. Dit was onbeskryflik om te besef dat ek, vir die eerste keer in amper drie dekades weer op 'n gewone wyse aan gesprekke kon deelneem!"

Dat hy weer musiek kon luister, voëls

**"Die hartseer werklikheid is dat talle mense wat later in hulle lewe doof word, nie die broodnodige rehabilitasie-ondersteuning ontvang nie. Hulle word ook soms verkeerde raad gegee oor watter kommunikasiemetode die beste vir hulle gaan wees."**

kon hoor sing, die verkeer kon hoor raas, mense kon hoor lag en vir die eerste keer 'n selfoon kon gebruik, was 'n vir hom 'n gawe en 'n wonderwerk wat hom baie nederig gestem het.

Vandag is Fanie Bestuurder Publieke Opvoeding en Bewusmaking van die NCPDPSA. Hy is ook reeds drie termyn Raadslid van UNISA, dien op die Direksie van die Nasionale Instituut vir Doves en is 'n bekende stem op verskeie nasionale, sowel as gemeenskapsradiostasies.

"Die meeste bejaardesorgsentrums, kerke en openbare geboue in die land is ontoeganklik vir mense met gehoorverlies. Tot 70% van alle bejaardes kan nie werklik meer funksioneel hoor nie en daar word nie behoorlik vir hulle voorsiening gemaak nie; hulle reg op inligting en kommunikasie word misken."

Deur behoorlike evaluering en beskikbaarstelling van die nodige ondersteunende luister-apparate en lewenshulpmiddele sou talle hardhorenes weer deel konword van die normaal horende wêreld. Hy meen die gemeenskap fokus oorwegend op

die behoeftes van mense met sigbare gestremdheid. Volgens hom kan 'n groot deel van die leefwêreld van gehoorgestremdes relatief goedkoop en maklik toeganklik gemaak kan word.

Fanie verkwalik nie die Weermag vir wat in die destydse bosoerlog met hom gebeur het nie. Want, sê hy, dit wat gebeur het, het hom gedwing om 'n faset van die lewe te ontdek waarvan hy voorheen niks geweet het nie.

Hy is tans heeltyds besig met lesings, opleidingsessies en -seminare oor die impak van gehoorverlies en hoe om geboue, dienste en produkte vir dowe en gehoorgestremdes toeganklik te maak.

"Ek is besonder geseënd met my gesin wat deur al die jare op wonderbaarlike maniere onwrikbaar by hul gehoorgestremde pa gestaan het," sê hy. Sy seun Petri het die studierigting van kommunikasie met dowe gevolg en word vandag ingespan om vir dowe in Gebaretaal te tolk. Die dogter Susan het haar in 'n teologiese rigting bekwaam.

Fanie du Toit en ander kundiges op die gebied van oudiologie en menseregte ontwikkel tans 'n manier waarop die breë gemeenskap gehoorgestremde mense kan help om suksesvol by die normale lewe in te skakel.

Besoek gerus die webtuiste [www.hearingclinic.co.za](http://www.hearingclinic.co.za) en "klik" op die skakel "Road to Independence." Dit vertel watter baanbrekerswerk tans gedoen word om mense met gehoorverlies op 'n holistiese wyse te ondersteun. 1



Fanie du Toit het sy doofheid nie in die pad van sy loopbaan laat staan nie; intendeel, hy is vandag 'n suksesvolle opvoedkundige praktisyn en 'n gewilde radio-omroeper

